83-1640

Is jy bekeer?

Dr A J Conradie

1640

Inleiding

Is jy bekeer? Dit is 'n vraag wat soms uit die bloute aan 'n mens gestel word deur 'n ywerige Christen. Sommige mense vererg hulle bloedig daaroor omdat hulle nie presies weet wat dit beteken nie en beskou dit dan as 'n ongevraagde inmenging in hulle persoonlike lewe. Ander is weer omgekrap omdat hulle duidelik hier agter die groot misverstand bespeur wat by baie mense leef, naamlik dat alle gelowiges 'n bepaalde *bekeringsdatum* moet hê asof bekering slegs 'n eenmalige gebeurtenis is. Bekering is 'n Bybelse begrip en daarom betaam dit elke gelowige om te weet wat die Woord van God bedoel as hy ons oproep tot bekering.

Bekering in die Ou Testament

In die Ou Testament kom die woord òf verwysinge daarna meer as 100 maal voor. Dit is die profete wat die volk van God oproep tot bekering. Een van die tekste wat die hele bekeringsgedagte die mooiste saamvat, staan in die boek Konings:

> "En die HERE het Israel en Juda gewaarsku deur die diens van ellke profeet en elke siener en gesê: Bekeer julle van julle verkeerde weë en onderhou my gebooie, my insettinge volgens die hele wet wat Ek julle vaders beveel het en wat Ek deur die diens van my dienskneqte, die profete vir julle gestuur het". (II Kon. 17:13).

Die ooproep tot bekering het in werklikheid beteken dat dit 'n oproep was om te breek met die sonde. Die wegbreek van die afgodsdiens was 'n eis deur God gestel (Eks. 20:3, 4). Daarom het die profete telkens gewys op die herhaalde oortredings van God se gebooie deur die verbondsvolk. Positief gesien, word die verbondsvolk opgeroep om *terug te keer* na die Here met *belydenis* van hulle sonde en om Hom voortaan van harte te dien ooreenkomstig die uitsprake van die Heilige Skrif.

Bekering in die Nuwe Testament

Die Nuwe Testamentiese gelowige is ook 'n mens wat in sy navolging van Christus *omgedraai* het, wat daagliks omdraai en sy rug keer op die sonde. Geloof roep altyd op tot stryd teen die sonde (Openb. 2:7, 17, 26; 3:5, 15, 21).

In die Nuwe Testament kom die woord bekeer of bekering meer as sewentig maal voor. Johannes die Doper stel bekering in die middelpunt van sy prediking (Mark. 1:4; Matt. 3:2, 8). Johannes preek nie net sondeberou nie maar *'n totale verandering van die gemoed* sodat die hoorder geskik sal wees vir die Nuwe Bedeling. Bekering is dus by Johannes die Doper nie net 'n afwending van die kwaad nie maar beslis iets positief: Om jou te wend tot die nuwe lewe in geloof en gehoorsaamheid aan Christus die Here.

In die Nuwe Testament is bekering iets *konkreets*. Dit is God wat die mens tot bekering roep en lei deur die krag van

die Heilige Gees. Maar dit is daarmee ook vanselfsprekend die wedervaring en daad van die bevryde mens.

"Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie maar sondaars tot bekering" (Matt. 9:13), sê Jesus. In Jesus se oproep tot bekering maak Hy self die poort wyd oop deur die mens se geloof en vertroue op Hom te wys:

> "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur my nie". (Joh. 14:6)

Dit is alleen deur die geloof in Jesus dat die verlore seun (dogter) die weg tot die Vader terug kan vind. Daarom is daar blydskap in die hemel oor een sondaar wat hom bekeer (Luk. 15:10). Maar die Verlosser verwyt ook hulle wat nie die weg van bekering wil bewandel nie en kondig sy oordeel aan:

> "Ellende wag vir jou, Gorasin! Ellende wag vir jou, Betsaida! As in Tirus en Sidon die wonderdade plaasgevind het wat in julle gebeur het, sou hulle hul lankal in sak en as bekeer het. Maar Ek sê vir julle: Vir Tirus en Sidon sal dit in die oordeelsdag draagliker wees as vir julle" (Matt. 11:21, 22).

Geen deel van die menslike lewe val buite God se oproep tot bekering nie. Wanneer 'n mens beweeg in die kragveld van God se genade, beteken dit dat sy hele lewe deur God se wil beheers sal word en dat die gelowige die ou mens met sy bose neigings moet afsterwe.

Die oproep tot bekering in die Kerk van die Nuwe Testament

Op Pinksterdag, die geboortedag van die Nuwe Testamentiese Kerk, roep Petrus ook dadelik die volk op tot bekering:

> "Daarom, bekeer julle en kom tot inkeer, sodat julle sondes uitgewas kan word." (Hand. 3:19)

Later staan die apostel Paulus op die Areopagus tussen die gevierde geleerde filosowe en nadat hy vir hulle van die verlossing in Christus vertel het, roep hy hulle op tot bekering:

> "God het die tye van onkunde oorgesien, maar nou roep hy alle mense oral op om hulle te bekeer." (Hand. 17:30)

God spreek sy gemeente aan wanneer hulle afdwaal: Hy roep hulle tot stilstand, tot omkeer, tot bekering. As God die gelowiges aanspreek, lei dit tot *kennis van God se wil* wat aanleiding word tot *innerlike omkering* en dit lei weer tot *gedragsverandering*.

Die Vader, Seun en die Heilige Gees word in verband met bekering genoem. Die Vader as die gewer van bekering èn as die lewende God tot wie 'n mens jou bekeer; die Seun as die prediker van die bekering èn as inhoud en die geheim van die nuwe lewe waartoe die gelowige hom bekeer; die Heilige Gees as die verborge krag van die bekering èn as geskenk aan dié wat hulle bekeer.

Wedergeboorte en bekering

Wedergeboorte en bekering kan nie van mekaar geskei word nie maar wel onderskei word. Die belangrikste uitspraak in verband met wedergeboorte tref ons aan in Jesus se gesprek met Nikodemus (Joh. 3). Die vleeslike geboorte is deels afhanklik van die wil van die mens maar die wedergeboorte *skenk* God uit genade aan wie Hy wil (Joh. 1:13; 3:5, 8). Die feit dat die mens in sonde ontvang en gebore word (Ps. 51:7; Rom. 5:12; Job 14:4; Joh. 3:6), moet reggemaak word voordat hy die koninkryk van God kan beërwe. Dit kan alleen geskied by wyse van 'n wedergeboorte.

In die geval van die wedergeboorte word die vernuwing van die kant van God bewerk terwyl in die geval van die bekering na die verantwoordelikheid van die gelowige voor God verwys word. Hier is die mens *self ook werksaam* omdat die Heilige Gees besig is om in hom te werk. In die Filippensebrief word hierdie saak volmaak saamgevat:

> "Julle moet julle met alle krag daarop toelê om die redding wat God julle gegee het in julle lewe uit te werk. Want dit is God wat in julle werk – Hy gee julle die begeerte om te doen wat Hy graag wil hê en dan gee Hy julle ook nog die krag om dit te doen" (Fil. 2:12, 13).

Wedergeboorte en bekering is dus twee kante van dieselfde saak: God roep en lei ons tot bekering.

> "So hang dit dan nie af van die een wat wil of van die een wat loop nie maar van God wat barmhartig is" (Rom. 9:16).

Kan die datum van bekering aangewys word?

Beslis ja. In die Bybel is daar 'n hele paar voorbeelde in dié verband. Van die bekendste gevalle is seker die bekering van koning Manasse (II Kron. 33:12, 13); van Paulus op pad na Damaskus (Hand. 9:4-6) en van die tronkbewaarder van Filippi (Hand. 16:30-33). Ongelukkig word hierdie geskiedenisse so dikwels uit verband geruk deur te verklaar dat *alle Christene* so 'n *skouspelagtige* bekering behoort te beleef soos bv. Paulus. Voorstanders van hierdie gedagte vergeet dat Paulus op pad na Damaskus was as die Antichris! Hy het in sy sak 'n magtigingsbrief gehad om die Christene te gaan uitroei. (Vgl. I Tim. 1:13). Nou kan ons tog sekerlik nie die lewe van 'n *verbondskind* wat in 'n Christelike ouerhuis groot geword het, gaan vergelyk met dié van 'n Ou Testamentiese fariseër nie. Reg sou dit wees om die lewe van 'n Christen wat die voorreg gesmaak het om deur verbondsouers opgevoed te word, te vergelyk met diè van Timoteus. Sy ouma en sy moeder was Christene. Hy was dus die derde geslag in 'n Christelike familie. Nêrens lees ons van so 'n *dramatiese* bekering in die lewe van hierdie jongman nie en tog verwys Paulus na "die ongeveinsde geloof wat in jou is, wat eers gewoon het in jou grootmoeder Loïs en in jou moeder Eunice, en wat – daarvan is ek oortuig – ook in jou is." (II Tim. 1:5).

Daar is dus baie gelowiges uit vrome ouerhuise wat – God-dank! – getuig dat die gees met hulle gees getuig dat hulle kinders van God is (Rom. 8:16).

Dit gebeur ook wel in die lewe van verbondskinders van God dat hulle afdwaal en sondig (Vgl. Luk. 15). Die groot troos is dat hierdie afgedwaalde tog nie opgehou het om kind van sy vader te wees terwyl hy in die vreemde was nie. (As jy oorsee gaan, bly jou vader immers jou vader – selfs as daar verwydering gekom het.) Terwyl die verlore seun in die vreemde in sonde geleef het, het sy vader angstig op sy terugkeer gewag. Toe hierdie jongman tot bekering gekom het, was hy só welkom in die vaderhuis. Vir hierdie verbondskind was daar dus ook wel 'n bekeringsdatum wat hy altyd sou onthou. Maar dit mag en kon nooit die enigste dag wees waarop hy hom bekeer het nie.

Vir die gelowige is die *wanneer* van die bekering nie van wesenlike belang nie, maar *die dat* van sy bekering is wel van uiterste belang (II Petr. 3:9).

Daaglikse bekering

In die geliefde leerboek van die Protestantste Kerke staan ook die vraag (88): Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering? Die antwoord is kort en kragtig Bybels gefundeer: Uit twee dele: die afsterwing van die ou en die opstanding van die nuwe mens (Vgl. Rom 6:1, 4-6; Efes. 4:22-24; Kol. 3:5, 6, 8-10; I Kor. 5:7; II Kor. 7:10).

Bekering is afsterwing èn opstanding: 'n proses wat dus lewenslank voltrek word. Bekering is dus nie op 'n dag voltooi nie. In waarheid behoort ons hele lewe één voortgesette proses van bekering te wees. Ons is hart en siel betrokke by die oproep tot daaglikse bekering. En in die proses leer ons die sonde steeds beter onderskei en haat.

Hoe nader ons aan Christus lewe, hoe skerper word ons sondebewussyn – hoe aktiewer word ons gewete. Tot die dag van ons dood sal ons "daagliks teen die swakheid van ons geloof en die bose luste van ons vlees moet stry." (Nagmaalsformulier).

Kan een mens 'n ander bekeer?

Dit is waar dat een mens op 'n ander baie goeie invloed kan uitoefen. God vertrou byvoorbeeld aan die verbondsouer sy verbondskinders toe om hulle in die vrees van sy Naam op toe voed deur voorbeeld, vermaning en onderrig. Netso kry ons dit dat God in sy wysheid in sy gemeente van die diens van mense gebruik maak: Hy gebruik mense – nie engele of bo-aardse skepsels nie om sy evangelie te verkondig en uit te dra. God roep mense om as instrumente in sy hand die saad van die evangelie te saai. Maar verder as dit kan die mens nie gaan nie. Die saaier kan die saad nie ryp druk nie. Daarom het Paulus ook op 'n stadium uitgeroep:

> "Ek het geplant, Apollos het natgemaak, maar God het laat groei. So is dan hy wat plant of hy wat natmaak, niks nie maar God wat laat groei." (I Kor. 3:6, 7)

Die apostel Jakobus roep gemeentelede op om te bid vir die bekering van iemand wat afgedwaal het. Bekering is dus nie net 'n persoonlike saak van belang tussen die individu en God nie. Elke gelowige moet ook met ware liefde *voorbidding* doen vir die bekering van 'n sondige mede (Jak. 5:19, 20).

In die verlossing van die mens gaan alles van God uit en daarom kom alle lof, dank en aanbidding Hom alleen toe.

Is bekering 'n waarborg teen sonde?

Is ek van elke sonde waarvan ek my bekeer het, finaal ontslae vir die res van my lewe? Sal ek nooit weer daardeur geteister word nie? Hierdie is die grypende vrae wat gelowiges soms ernstig kwel as hulle weer sonde gedoen het wat hulle gedink het hulle finaal afgesterf het. Deur so 'n "terugval" kan die gelowige soms twyfel aan die egtheid van sy geloof.

Wanneer 'n mens tot die geloof kom, verdwyn sy aardse liggaam nie meteens nie – ons het nog nie die verheerlikte liggaam ontvang nie – dit sal eers by die wederkoms aan ons geskenk word. Ons het nou nog elke dag 'n geweldige stryd teen die Bose te stry. Die gewig van ons aardse kruis word soms swaar en dan struikel en val die gelowiges (Job 7:1; Luk. 13:24). Die apostel Paulus het hierdie ontsettende stryd geken, daarom dat hy uitgeroep het:

> "Ek ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood? – Ek dank God deur Jesus Christus, ons Heer!" (Rom. 7:24, 25; Ps. 51:3, 19; I Petr. 2:24).

Die Bybel leer nêrens dat bekering 'n waarborg teen sonde is nie. *Sondeloosheid* is nie 'n kenmerk van die bekeerde mens nie. *Sondeberou* is wel!

Hier is die wyse woord van Luther van groot belang. Hy skryf: "Ek was 'n *verlore sondaar* – nou is ek 'n *verloste sondaar!* God verlos ons wel van die slawerny van die sonde maar Hy verlos ons in hierdie lewe nie geheel en al van die vlees en die liggaam van die sonde nie (Vgl. Rom. 6).

God leer ons om nooit op ons *eie krag* of *geloofsprestasies* te *steun* of te *roem* in die weg van bekering nie, maar om altyd weg van onsself te kyk na Jesus die Leidsman en Voleinder van die geloof (Hebr. 12:2; Joh. 3:14, 15).

('n Uitgawe van die Raad vir Studentebearbeiding Ned. Hervormde Kerk.)

HAUM Posbus 460, Pretoria.

Gedruk deur N.H.W. Pers. Posbus 16061 Hercules 0030